Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 2 (23 – 30 Januarie 2026)**

# ***SPORT***

**KLEURGALA**

Die skool sal om 12:30 verdaag op Maandag, 2 Februarie en al die leerders moet om 13:00 by die swembad wees vir die optog. Die gala sal direk na die optog begin. Dogters moet asseblief met vol swembroeke swem en seuns met 'n ski-pant. Alle swemmers moet met 'n swempet swem asseblief. Dit hoef nie 'n Jakkie-swempet te wees nie.

Ouers sal sien dat "Pretswem" nie op die program is nie. So indien u kind ingeskryf is vir pretswem, moet hul die heeldag daar wees en ons sal hulle uitroep tussen die ander items.
Gr R - 3 leerders wat aan die pretswem gaan deelneem, moet asb. hul swemklere saambring. Hulle word Woensdag, 28 Januarie getoets tydens LO-periode.

**GEEN LEERDERS MAG OP DIE RAND VAN DIE SWEMBAD LOOP NIE ASSEBLIEF. LEERDERS MOET OP DIE GRASPERK OF OP DIE PAVILJOEN WEES TEN ALLE TYE!**

Die Interskole swemspan wat deelneem by Jakkies se swembad op Maandag, 9 Februarie, sal op Dinsdag, 3 Februarie bekendgemaak word.

**KLEURATLETIEK**

Die jaarlikse kleuratletiek vind op **Vrydag, 30 Januarie** plaas. Leerders trek **die kleur van hulle span (BLOU/GEEL)** aan (enige hempie en broekie). Leerders wat nie blou of geel klere het nie moet sportklere aanhê.
**Dogters mag glad nie hemde dra waar hul maag uitsteek nie. Seuns mag nie kaal bolyf wees nie.**
Optog sal om 06:30 begin en die items om 07:00.

Diskus en spiesgooi sal Donderdag, 29 Januarie reeds gehou word by Jacobsdal Primêr. Diskus sal om 14:30 begin. Spiesgooi sal om 16:00 begin. Slegs die kinders wat vir hierdie item ingeskryf het, kom meld aan asseblief.

**'n Volledige snoepie sal Vrydag beskikbaar wees by die atletiek.**

**OLK SKENKINGS**

Hier is die lys van produkte wat deur die OLK benodig word:
- Meel
- Suiker
- Mayonnaise
- Kondensmelk
- Koffie sakkies
- Cuppachino sakkies
- Olie
- Asyn
- Hout

Ouers wat graag iets wil gee, moet dit asb. teen **Maandag, 26 Januarie** na die boekstoor stuur.

**RUGGA ROOTS (Rugby)**

Hulle kom weer vir ons 'n demonstrasie by die skool hou. Dit vind plaas op Maandag, 26 Januarie en is vir die gr R-3-seuns vanaf 8:00 tot 09:00. Hulle trek sportklere aan.

**KLUBSWEM**
Baie geluk aan die volgende leerders wat die Noord-Kaap gaan verteenwoordig by die 4 + 1 Interprovinsiale kampioenskappe wat plaasvind op 31 Januarie & 1 Februarie in Potchefstroom:

- Jumari du Toit
- Gerhard Kleynscheldt
- Isabel Snyman

## *OUERS*

**VORMS**
Alle uitstaande vorms van Nuusbrief 1, moet asb. teen Maandag, 26 Januarie by die klasonderwyser ingehandig word.

**VERGADERINGS**
Ons herinner ouers aan die volgende vergaderings wat Maandag, 26 Januarie plaasvind:

- Finansiëlekomitee vergadering – 12:00
- Beheerliggaamvergadering – 14:05

**OUERVERGADERING**
Ons herinner ouers aan die ouervergadering op Maandag, 26 Januarie om 08:00 in die skoolsaal. Dit sal 'n inligtingsvergadering wees.

**AFSKEURSTROKIE**
Vul asseblief die aangehegte afskeurstrokie in indien u bereid is om die personeel te kom aflos, indien nodig. Ons benodig regtig u hulp in die verband. Afskeurstrokies is reeds aan alle leerders uitgedeel.

## *LEERDERS*

**GRAAD 7 KLAS- EN GRAAD 7 LEIEROPLEIDING**
Die gr 7-leiers se opleiding vind plaas op Dinsdag, 27 Januarie. Dit begin om 09:00 in die skoolsaal.
Leiers moet hul sportdrag / leierhempies aantrek.

Die gr 7-klas se opleiding vind plaas op Woensdag, 28 Januarie. Dit begin om 09:00 in die skoolsaal. Leerders moet hul sportdrag aantrek.

Alle gelde moet asb. Maandag, 26 Januarie betaal wees. Beloop R250 vir skool- en koshuisleiers vir albei opleidings en R100 vir gr 7-leerders.

**NAUTILUS**
Nautilus is 'n verrykende Wiskunde kompetisie vir gr 4-7 leerders wat elke kwartaal plaasvind op 'n Saterdag in Bloemfontein. Die koste daaraan verbonde is R300 wat verversings en 'n ligte middagete insluit. Dit is vrywillig en ouers moet leerders self vervoer. (As daar meer as 10 leerlinge is, kan die skoolbussie ry)
Kwartaal 1 se kompetisie vind plaas op Saterdag, 21 Februarie. Leerders wat wil deelneem, moet asb. gelde teen Maandag, 9 Februarie inbetaal en kwitansie of bewys van betaling na mnr. Fourie neem.

**AMESA**
Amesa Wiskunde uitdaging bied 'n geleentheid aan leerders om 'n liefde vir Wiskunde te ontwikkel en hulle Wiskunde vaardighede te verbeter. Die uitdaging is oop vir ALLE gr4-7 leerders.
Ons skryf op Woensdag, 18 Maart om 15:00 die pen en papier vraestel by die skool.
Koste beloop R45 per leerder. Sluitingsdatum vir inskrywings en betalings is Vrydag, 20 Februarie by mnr. Fourie.

**Indien enige verdere inligting rakende Nautilus of Amesa verlang word, kan ouers vir mnr. Fourie kontak.**

**REDENAARSKOMPETISIE / ATKV**

Neem asseblief kennis van al die onderwerpe (graad 4-7) vir die redenaarskompetisies wat op 23 Februarie plaasvind:

**Graad 4 & 5:**

- Koers
- Kriewel
- Sout

**Graad 6 & 7:**

- Kies
- Pronk
- Rebelleer

Indien ‘n leerder belangstel om aan die ATKV se redenaarskompetisie deel te neem, kan uit die bostaande onderwerpe gekies word. Kontak juffrou Saricé vir volledige inligting. Ouers rig self hulle kinders af en vervoer hulle self na die kompetisie/s.

**BYBELVASVRA (GR 6&7)**

Leerders wat belangstel om aan die Bybelvasvra deel te neem, moet die volgende skrifgedeeltes bestudeer om die kwalifiserende toets te skryf op Maandag, 26 Januarie, om te bepaal wie in die Bybelvasvra-span gaan wees. Leer vir toets die volgende skrifgedeelte: Handelinge 1 & 2. Leerders skryf Maandag, eerste pouse (10:00) in juffrou Naomi se klas.

………………………..

T.E. MOSTERT
Skoolhoof

***GEBEDSLYS:***

Leerders, ouers en personeel
Sterkte vir 2026!

---

**AFSKEURSTROKIE AFLOSPERSONEEL**


Ouer naam en van: ________________________________________

Kontaknommer: ___________________________________________

Ek is bereid om uit te help met toesig, indien die skool ’n aflos benodig:

___________________________

Handtekening


Eléos
De Villiersville
JACOBSDAL
Cell: 073 1959 177
Textile Printing, Embroidery & Branding
Suppliers of Corporate, Active & Headwear
Lynette van Rooyen - lyko@telkomsa.net


JAKKIES
Zanli
van Wyk
JAKKIES
Leané
van Wyk


Salon Xanique
IS DOING
SPA
PARTY'S
Feel the stress melt away
Kids pedicure - foot soak, foot
massage, nail polish
Facial mask.
add on
• Nail polish on hands R 30
• Small pamper gift R50
R 200 pp
Min is 4 girls
I'm coming to you
Monique Meades
064 681 1834
50% deposit is required
when booking
There will be a additional cost of R6 per Kilo outside Jacobsdal

# BELANGRIK

## OUERVERGADERING

Kareehof Koshuis ouervergadering is op 2 Februarie 2026 om 07:45 in die eetsaal.



**WOON DIT ASB BY!**

# CHEF Lodi

0799 854 724

# Kosblikke

## Kosblikke vir skoolkinders, onderwysers en ander besige mense.

Bestel vir die volgende week voor Saterdae
Kosblikke sal reg wees teen 09:30

**Aflewering beskikbaar in Jacobsdal**

| | Sakpas R50 | Basies R60 | Volledig R90 |
|---|---|---|---|
| Ma. | 2x Ham & Kaas toebroodjie + happie (snack) | Ham & Kaas Quiche | Ham & Kaas Quiche + happie (snack) + vars vrug + koeldrankie |
| Di. | 2x Hoender Mayo toebroodjie + happie (snack) | Hoeder Mayo Pitabroodjie | Hoeder Mayo Pitabroodjie + happie (snack) + vars vrug + koeldrankie |
| Wo. | 2x Maalvleis toebroodjie + happie (snack) | Beef & Kaas Burger met tamatiesmoor (geen garnering) | Beef Burger met tamatiesmoor (geen garnering) + happie (snack) + vars vrug + koeldrankie |
| Do. | 2x Biltong & Kaas toebroodjie + happie (snack) | Lasagne | Lasagne + happie (snack) + vars vrug + koeldrankie |
| Vr. | 2x Kaas muffin + happie (snack) | Bacon & Kaas Pizza | Bacon & Kaas Pizza + happie (snack) + vars vrug + koeldrankie |

Advertensie is geldig tot en met 27 Maart 2026

# PRIVAAT
# SKOOL VERVOER

Zakes - 072 778 8092



Vervoer tussen
Ritchie / Modderrivier
en
Jacobsdal Primêr

Oggende en Middae

**VEILIG & GERIEFLIK**